Verwysing: 20210120-587
Lêernommer: 12/2/10/3
Navrae: M. Wiese

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0002/2021

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale van gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se Jaarlikse Skoolopname (JSO) vir gewone openbare en onafhanklike skole vir 2021

1. Die JSO vir gewone openbare en onafhanklike skole sal vir die administrasie en bestuur van skole, asook die voorsiening van hulpbronne vir 2021, gebruik word.

2. Die JSO moet op **26 Maart 2021** deur die prinsipaal op SOBIS voltooi en afgeteken word.

3. Voor die prinsipaal op SOBIS afteken, moet die volgende verseker word:

   a) Alle leerders wat geregistreer is en skool in 2021 bywoon, moet in hul korrekte graad en klas op SOBIS verskyn.
   b) Alle leerders wat na verwagting sou terugkeer, maar nie op 26 Maart 2021 by die skool opdaag volgens inskrywing nie, se registrasie word volgens die leerderbywoningsbeleid ingetrek. Hierdie leerders kan weer op SOBIS geregistreer word indien hulle ná 26 Maart 2021 vir toelating aanmeld.
   c) Leerders wat gesterf het se registrasie word ingetrek en die "datum van afsterwe" word aangeteken soos op die doodsertifikaat aangedui.
   d) Daar moet vakke vir alle graad 10- tot 12-leerders wees en vakveranderinge moet voltooi wees.
   e) Die prinsipaal moet ook verseker dat die lys van opvoeders op SOBIS bygewerk en geverifieer is, asook werkservaring, grade en vakke wat gedurende 2021 onderrig word. Verwyder grade en vakke wat in vorige jare onderrig is indien dit nie meer op die opvoeder se 2021-werkslading van toepassing is nie.
   f) Die afdeling om die opname af te teken moet voltooi word as bevestiging dat die data geverifieer is en 'n akkurate voorstelling van die leerderinskrywings en getal personeel soos op 26 Maart 2021 is.
   g) Prinsipale word herinner aan hul rol as institusionele OBIS-beamptes en moet verseker dat die inligting wat tydens die JSO vasgelê is 'n akkurate weergawe van die getal leerders en personeel op daardie skooldag is.

h) Prinsipale moet verder verseker dat die leerdergetalle wat vir die JSO vasgelê is, korrek is, aangesien 'n wanvoorstelling van leerdergetalle as bedrog beskou word.

4. Om te help met die verifiëring van skole se leerder- en opvoederdata, word verskeie foutverslae verskaf wat leiding sal gee oor die egtheid van die bestaande data wat op SOBIS vasgelê is.

5. Maak asseblief seker dat alle foute wat in hierdie verslae aangedui word voor aftekening opgelos is.

6. Die sperdatum vir kringbestuurders se aftekening van die JSO-data is **31 Maart 2021**. Die kringbestuurders moet die vordering monitor en sal nie die opname se datastelle kan afteken as daar steeds foute oorbly nie, en ook nie waar prinsipale nie hul kitsopnames afgeteken het nie.

7. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders sonder identiteitsdokumentnommers (ID-nommers) te identifiseer en om die vaslegging van ontbrekende ID-nommers te vergemaklik. Bied asseblief raad aan ouers oor die proses om vir 'n ID by die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen indien 'n leerder nie 'n geldige ID-nommer besit nie. Waar moontlik word prinsipale versoek om ouers by te staan om die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te vergemaklik.

8. Indien enige probleme met die voltooiing van die opname ondervind word, kom asseblief met die tersaaklike kringbestuurder of distriksamptenaar in die lys hieronder in aanraking:

Distrik	Distriksamptenaar	Telefoonno.	E-pos
Metro-Noord	Masixole Stofile Zintle Notununu	021 938 3052 021 938 3101	masixole.Stofile@westerncape.gov.za Zintle.Notununu@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Anita McGrath Tercia Southgate	021 514 6751 021 514 6737	anita.mcgrath@westerncape.gov.za tercia.southgate@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Anastasia Rose	021 370 2120	anastasia.rose@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Buseka Ndinisa Thembeka Dlamini	021 900 7305 021 900 7011	buseka.ndinisa@westerncape.gov.za thembeka.dlamini@westerncape.gov.za
Weskus	Mervan Davids	021 860 1596	mervan.davids@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Kevin van Eeden Shamiel Abrahams	023 348 0635 023 348 0655	kevin.vaneeden@westerncape.gov.za shamiel.abrahams@westerncape.gov.za
Overberg	Suzanne Braaf	028 214 7411	suzanne.braaf@westerncape.gov.za

Eden en Sentrale Karoo	Romelda America Keith Zibi	044 803 8367 044 803 8346	romelda.america@westerncape.gov.za keith.zibi@westerncape.gov.za

9. Die gehalte van OBIS-data sal aan norme-en-standaarde-oordragbetalings gekoppel word. OBIS se data-nakomingsverslae sal deur SOBIS aan prinsipale beskikbaar gestel word. Prinsipale moet die JSO-prosesse koördineer om te verseker dat data wat vasgelê is, reg is, betyds voltooi en dienooreenkomstig afgeteken word.

10. Die Direktoraat: Kennis- en inligtingsbestuur sal die nakoming, gehalte van die data en aftekening van u opnamevoorleggings monitor en alle nienakoming, teenstrydighede en data-tekorte by die Hoof van Onderwys aanmeld.

11. Onafhanklike skole word daaraan herinner om hulself te vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel is van hierdie voorwaardes en nienakoming kan tot intrekking van registrasies lei.

12. Die WKOD waardeer die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voortgesette samewerking in 2021.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2021-02-10